



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

HERSTENING

Fiela se kind - die drama - Dalene Matthee

LEERDERGIDS

GRAAD 10-12

2020

INHOUDSOPGAWE

Studieprogram	2
Die samestelling van Vraestel 2	2
Oefening 1	3
Oefening 2	6
Oefening 3	11
Oefening 4	16
Oefening 5	20
Bronnelys	24

Studieprogram

DAG	DATUM	INHOUD	Bladsy
Maandag			
Dinsdag			
Woensdag			
Donderdag			
Vrydag			
Saterdag			
Sondag			
Maandag			
Dinsdag			
Woensdag			
Donderdag			
Vrydag			
Saterdag			
Sondag			
Maandag			
Dinsdag			
Woensdag			
Donderdag			
Vrydag			
Saterdag			
Sondag			
Maandag			
Dinsdag			
Woensdag			
Donderdag			
Vrydag			
Saterdag			
Sondag			

Die samestelling van Vraestel 2

Vraestel 1 bestaan uit **VIER AFDELINGS** naamlik:

AFDELING	VRAAG	GENRE	NAAM VAN BOEK	PUNTE
AFDELING A	VRAAG 4	ROMAN	Lien se lankstaanskoene – Derick van der Walt	35
AFDELING B	VRAAG 7	DRAMA	Fiela se kind – die drama - Dalene Matthee	35
AFDELING C	VRAAG 8.1 EN 8.2	KORTVERHALE	2 kortverhale uit Spieëlbeelde	35
AFDELING D	VRAAG 9.1 EN 9.2	GEDIGTE	2 gedigte uit Verskuns vir Eerste Addisionele Taal	35

Samesteller: SF Smith

Oefening 1

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BENJAMIN:	Ek is Fiela Komoetie se kind.	1
MAGISTRAAT:	Wag nou, seun, dit is nie vir my 'n maklike taak hierdie nie. Aan die begin sal dit vir jou vreemd wees om weer onder jou eie mense terug te wees.	
BENJAMIN:	Ek is Fiela Komoetie se hanskind.	5
MAGISTRAAT:	Ekskuus?	
BENJAMIN:	Ek is haar hanskind. Die Here het my aan my ma toebetrou. Ek is Fiela Komoetie se kind, weledele heer. Ek sweer, baas. Die bosvrou lieg as sy sê ek is haar kind.	
MAGISTRAAT:	(kom staan reg voor hom): Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe.	10
BENJAMIN:	Ek is Fiela Komoetie se kind, baas, ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys. beweeg na die deur. Baas, asseblief. Ek wil nooit weer hoor dat jy daardie woord gebruik nie. Jy is 'n wit kind en jy sal leer om soos 'n wit kind te praat. Asseblief, weledele heer, ek is Fiela Komoetie se kind en my pa is Selling Komoetie.	15

- 7.1 Wat was die naam van die plaas waar Fiela Komoetie gebly het? (1)
- 7.2 Op watter dorp het die hofsitting plaasgevind? (1)
- 7.3 Verduidelik waarom die sensusmanne reg opgetree het om vir Benjamin van Fiela af weg te vat. Verwys in jou antwoord na die politieke konteks van daardie tyd. (2)
- 7.4 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.2) neer.

ontuis;	minderwaardig;	geliefd;	hoogmoedig
---------	----------------	----------	------------

Benjamin se ervaring van die verskillende ruimtes was ironies. Al was die Lange Kloof 'n harde, kaal wêreld, het Benjamin daar
7.4(a) ... gevoel. Maar in die plantryke en voëlryke bos, het Benjamin
7.4(b) ... gevoel.

HERSIENING

- 7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.5 E.
- Die magistraat het gedink dat hy die regte besluit geneem het omdat ... (1)
- A hy die wette van die land geken het.
B hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was.
C daar reeds jare lank na 'n verlore kind gesoek is.
D hy geweet het dat Selling vroeër in die tronk was. (1)
- 7.6 " ... ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys." (Reël 12–13)
- Op watter DRIE maniere (behalwe met die vyf sjielings) het Fiela nog seker gemaak dat Benjamin 'n goeie indruk op die magistraat sou maak? (3)
- 7.7 "Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe." (Reël 10–11)
- Watter voordeel het hierdie besluit van die magistraat vir die volgende karakters ingehou?
- (a) Elias (1)
(b) Nina (1)
- 7.8 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.
- Die Van Rooyens het vir Fiela vriendelik ontvang toe sy Benjamin se goed by hulle gaan afgee het. (1)
- 7.9 Die volgende gebeure hou verband met die tydlyn van Lukas/ Benjamin.
- Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:
- Benjamin is deur die sensusmanne ontdek.
 - Benjamin het sekerheid oor sy identiteit gekry.
 - Fiela het vir Benjamin voor haar agterdeur gekry.
 - Benjamin het Bos toe gegaan as Lukas van Rooyen. (4)
- 7.10 Hoe kry die dramaturg in hierdie uittreksel dit reg dat die leser Benjamin se vrees aanvoel? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Samesteller: SF Smith

LUKAS (op band): Die een met die blou hempie aan. Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor. Die een met die blou hempie aan. Een simpele sin. Een simpele sin wat Fiela Komoetie soos 'n mal ding oor die berg laat loop het en Selling die pad hoe lank laat dophou het. Ek is niemand.	1 5

KITTIE: Pa kan maar sê wat ek moet skryf. FIELA: Jou pa sal nie vandag eerste sê nie. Ek sal begin. SELLING: Maar, Fiela ...	
FIELA: Stil. Skryf vir hom Ma sê dit lê donker in Ma se gemoed oor hom. Ons het nie van hom gehoor nie. As dit goed gaan en hy's gesond, is alles reg, maar as dinge vir hom verkeerd loop staan en bodder het, moet hy skryf wat meer as bid ons vir hom kan doen. Sê vir hom Ma sê ...	10
KITTIE: Stadig, Ma. FIELA: Skryf vir hom Ma sê: Om te gaan lê is een ding en om weer op te kom 'n ander. Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ... KITTIE: Stadig, Ma. Ek is nou maar eers by die tweede op.	15
FIELA: Skryf mooi, Kittie, moenie jou letters so groot maak nes 'n kind nie. Sê vir Benjamin Ma sê hy moet huis toe kom as dinge te swaar op hom druk. Sê vir hom ons bou al op die ander grond.	

- 7.11 Wat is die funksie van "(op band)" in die eerste spreekbeurt? (1)
- 7.12 Wie was die "een man" na wie Lukas in reël 1 verwys? (1)
- 7.13 Dink aan Barta soos ons haar in hierdie drama leer ken.
Gee TWEE redes waarom sy haar so maklik in die hof laat oortuig het om die verkeerde kind te kies. (2)
- 7.14 Fiela het TWEE keer in die drama "soos 'n mal ding" oor die berg Knysna toe geloop nadat Benjamin nie teruggekom het plaas toe nie.
Gee die TWEE verskillende redes waarom Fiela oor die berg geloop het. (2)
- 7.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.15) en die antwoord neer.
In die uittreksel kom Fiela baasspelerig voor. 'n Mens ervaar dit egter as positief, want jy weet dat (Fiela daaraan gewoond was om die leiding te neem/ Benjamin hier vir Fiela belangrik was.) (1)
- 7.16 Die hoofkarakter in hierdie drama het die hele tyd gewonder wie hy regtig is. Verskillende karakters het tot sy onsekerheid bygedra.

KOLOM A	KOLOM B
(a) Hierdie karakter wou seker maak of Benjamin iets uit sy verlede kon onthou.	A Fiela
(b) Hierdie karakter het vir Benjamin gedwing om sy nuwe gesin te erken.	B Nina
(c) Hierdie karakter het hom later in sy lewe laat hoop dat hy wel 'n Komoetie was.	C Selling
(d) Hierdie karakter het vir Benjamin gesê om sy siel te ondersoek as hy wou weet wie hy regtig was.	D Elias
	E Magistraat

(4)

7.17 Benjamin was gelukkig om ouers soos Fiela en Selling te kon hê.

Waarom kan 'n mens sê dat die verhouding tussen Benjamin en Selling goed was?

(1)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.18) en die antwoord neer.

Die brief wat Kittie aan Benjamin moes skryf, het bewys dat Fiela vir Benjamin wou (ondersteun/kritiseer).

(1)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.19 E.

Fiela sê in die brief aan Benjamin: "Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ..." (Reël 15–16)

Hoe weet ons dat Fiela dit in haar eie lewe toegepas het? Fiela het ...

- A twee keer oor die berg Knysna toe gestap.
- B aanhou boer al was Benjamin nie daar nie.
- C vir Selling gedwing om op en af te stap sodat sy bene sterker kon word.
- D die moed gehad om Benjamin se goed by die Van Rooyens te gaan afgee.

(1)

7.20 "Sê vir Benjamin Ma sê hy moet huis toe kom as dinge te swaar op hom druk. Sê vir hom ons bou al op die ander grond." (Reël 18–20)

(a) Noem EEN van die dinge wat op daardie stadium swaar op Benjamin gedruk het.

(1)

(b) Wie se grond het Fiela vir Benjamin gekoop?

(1)

7.21 Een man met mag (reël 1–2) het Benjamin/Lukas se lewe ontwig.

Watter les moet mense wat in magsposisies is, hieruit leer?

(1)

Oefening 2

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

ARMSTRONG: Hy's die loods onder by die koppe waar die skepe deurkom. Ek het vir hom gesê ek sal waak tot môre toe, dis my werk, maar dan moet die doeane-mense kom oorvat.	1
LUKAS: Ek sal graag vannag hier wou bly. Miskien kan ek help waak?	
ARMSTRONG (lag senuagtig): Oppas! Ek neem dalk jou aanbod aan. Wat kyk jy so aanhoudend in die lug op?	5
LUKAS: Ek het lank laas soveel sterre gesien.	
ARMSTRONG: Kom jy dan uit die Bos?	
LUKAS: Ja.	
ARMSTRONG: Snaaks. Julle is mos nie mense wat met vreemdes gesels nie.	10
LUKAS (op band terwyl die ligte uitdoof): As jy 'n ster sien skiet, moet jy vinnig wens, dan kom jou wens uit, het Nina altyd gesweer. Nie dat daar bo Barnardseeiland veel sterre verskiet het nie.	
Ligte doof uit. As ligte opkom, is ons voor MISS WEATHERBURY se huis op die dorp. LUKAS klop aan deur. Deur oop.	15
WEATHERBURY: Was there something you wanted?	
LUKAS: Ek is jammer om lastig te wees, maar ek het op die dorp gehoor dat my suster dalk hier werk. Nina. Nina van Rooyen. WEATHERBURY: Jou suster?	
LUKAS: Ja. My suster.	
WEATHERBURY: (kop in die lug; bytend): Werklik! Ongelukkig het die Nina van Rooyen wat in my diens is, geen familie nie.	20
LUKAS: Nina se verbeelding loop maar partykeer oor, tante.	

- 7.1 Wat moes Armstrong gedurende die nag oppas? (1)
- 7.2 Hoekom het Elias vir Lukas op hierdie tydstip in die drama Knysna toe gestuur? (1)
- 7.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.3) en die antwoord neer. (2)
- Lukas was bereid om Armstrong te help omdat hy (geld wou verdien/ervaring wou opdoen.) (1)
- 7.4 "LUKAS: Ek het lank laas soveel sterre gesien." (Reël 7)
Aan watter gelukkige tyd in sy lewe het die baie sterre hom laat dink? (1)
- 7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.5 E.

"Snaaks. Julle is mos nie mense wat met vreemdes gesels nie."
(Reël 10)

Met hierdie woorde ... Armstrong die Bosmense.

- A motiveer
- B manipuleer
- C stereotipeer
- D komplimenteer (1)

7.6 Hoekom was dit vir Lukas maklik om met vreemde mense te gesels? (1)

7.7 Hoekom word reël 11–13 op band gelees? (1)

7.8 "WEATHERBURY: Jou suster?" (Reël 19) "WEATHERBURY: (kop in die lug; bytend): Werklik!" (Reël 21)

Hoekom het Miss Weatherbury op hierdie manier teenoor Lukas gereageer? (1)

7.9 Gee DRIE redes waarom Miss Weatherbury vir Nina in diens geneem het. (3)

7.10 Nina het vir Miss Weatherbury gesê dat sy nie familie gehad het nie.

(a) Wat kan 'n mens hieruit oor Nina aflei? (1)

(b) Dink jy dit was reg van Nina om Miss Weatherbury te mislei? Motiveer jou antwoord. Hou die konteks waarbinne sy die leuen vertel het, in gedagte. (1)

7.11 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Lukas se ontmoeting met Armstrong was die begin van 'n nuwe fase in sy lewe. (1)

7.12 Verskillende karakters het 'n positiewe rol in Lukas se lewe gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas.

Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.12.1–7.12.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Hierdie karakter het voorsiening gemaak vir Lukas se toekoms.	A	Nina
(b)	Hierdie karakter het dit vir Lukas makliker gemaak om in die Bos aan te pas.	B	Tant Malie
(c)	Hierdie karakter het Lukas gehelp om die waarheid oor sy identiteit te kry.	C	Fielia
(d)	Hierdie karakter het vir Lukas rustig laat voel oor sy suster se veiligheid.	D	Miss Weatherbury
		E	Barta

(4)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KITTIE: Pa is klaar, Ma. FIELIA: End nou af en sê Ma sê groete vir Nina.	1
Ligte uit. Musiek. Ligte op. Seetoneel. Vlagpaal met klipbankie. JOHN BENN is besig om met seilnaald 'n vlag te lap. LUKAS kom opgestap.	
LUKAS: Ek het net kom sê ek is terug, mister Benn. BENN (laat naald vassteek in die vlag): Jy lyk verkreukel, maar jy klink beter, Van Rooyen.	5
LUKAS: Ek is. En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam. Daarby sal ek net kan uithelp tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, dan gaan ek terug Lange Kloof toe. Na my mense toe.	10
BENN: Jy is beter. Jy bly nog 'n raaisel, maar jy's die man wat ek in jou gesoek het – Komoetie, het jy gesê? LUKAS: Ja.	

BENN: Loop sê vir Joop Stoep jy's terug. LUKAS: Joop Stoep sal vandag ook nog vir my moet instaan, mister Benn. Ek moet na miss Weatherbury se huis toe gaan.	15
BENN trek die naald deur die dik wit lap. Wanneer hy opkyk, is dit of daar êrens in sy ruie baard 'n glimlag huiwer. LUKAS loop weg terwyl die ligte uitdoof en die openingsmusiek herhaal word.	20
Gordyn	

7.13 Die volgende gebeure hou verband met Lukas/Benjamin se lewe as volwassene. (1)

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas kon self besluit dat hy 'n Komoetie wou wees.
 - Lukas het besef dat hy op sy suster verlief was.
 - Lukas het Barta gekonfronteer om die waarheid te vertel.
 - Lukas het gehoor dat sy broer, Dawid, dood is. (4)
- 7.14 Kittie het namens Fiela en Selling vir Benjamin 'n brief geskryf. (1)
- (a) Watter nuus oor Tollie was nie in die brief nie? (1)
- (b) Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Fiela vir Nina groete gestuur het? (1)
- 7.15 Watter werk het Lukas vir John Benn gedoen? (1)
- 7.16 Wie het vir Lukas gehelp om die werk by John Benn te kry? (1)
- 7.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.17) en die antwoord neer.
- Die woord "is" (reël 12) staan in skuinsdruk om aan te toon dat John Benn die woord (sarkasties bedoel het/wou beklemtoon). (1)
- 7.18 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.18.1–7.18.2) neer.

geduldig;	aggressief;	hardkoppig;	hardwerkend
-----------	-------------	-------------	-------------

John Benn was reg toe hy gesê het dat Komoetie 'n eerbare naam was. Fiela het respek afgedwing omdat sy 7.18(a) ... was. Elias van Rooyen wou respek afdwing deur 7.18(b) ... te wees. (2)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.19 E.

"... maar jy's die man wat ek in jou gesoek het ..." (Reël 12–13)

Wat, dink jy, het John Benn in hierdie situasie in Benjamin raakgesien?
Hy het gesien Benjamin ...

- A weet wie en wat hy is.
 B wonder waar hy inpas.
 C weet hoe hy geld gaan verdien.
 D het besluit dat hy die Van Rooyens sou vergewe. (1)
- 7.20 John Benn was 'n moeilike man, maar het tog ook 'n sagte kant gehad.
 Hoe word hierdie sagte kant van John Benn in dié uittreksel aan die leser oorgedra? (1)
- 7.21 John Benn was bereid om hom dadelik weer in sy span terug te neem.
 Wat sê dit vir ons van Lukas as werker? (1)
- 7.22 "Ek moet na miss Weatherbury se huis toe gaan." (Reël 16–17)
 Wat, hoop jy as leser, gaan hierna tussen Lukas en Nina gebeur? (1)
- 7.23 Watter boodskap dra hierdie drama aan tieners met 'n identiteitskrisis oor? (1)
- 7.24 Hoe word die titel van die drama in hierdie uittreksel beklemtoon? (1)

Oefening 3

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

DIKKE:	Oormôre. Vrydag. Mister Goldbury wil net die saak van die kind wat die slag in die Bos weggeraak het, opklaar ... ***	1
FIELA: LANGE:	Ek sal hom self Knysna toe vat. (ongeduldig): Die magistraat wil hom Vrydag in die hof sien, dis oormôre! Dit sal jou minstens twee dae te voet neem om daar te kom, en met die kind by jou nog langer! ***	5
FIELA: LANGE:	Dan ry ek saam met julle met die kar. Daar's nie plek op die kar nie. ***	
FIELA:	... Benjamin gaan Knysna toe. (SELLING sit sy hand op BENJAMIN se kop.) Dit kan nie anders nie. Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad nie. Maar Saterdag sal hulle hom terugbring, sê ek vir julle. Hoor jy my, Benjamin? Saterdag sal hulle jou terugbring en die Here help hulle as hulle ooit weer hulle pote op hierdie werf sit! Ma stuur jou saam sodat die magistraat en die	10 15

	bosvrou jou kan bekyk en klaar kyk. En Ma belowe jou, jy sal nie nodig hê om jou kop anderkant daardie berg te laat sak omdat jy as 'n Komoetie ingeskryf staan in die Goewerment se boek nie ...	

BENJAMIN:	Ma, ek is bang.	
FIELA:	Jaag weg die bang ...	20

FIELA:	Die magistraat sal kyk dat hulle jou terugbring. Saterdag soos hulle gesê het. Die magistraat se woord is wet ...	

- 7.1 Fiela-hulle was gelukkig op Wolwekraal totdat die sensusmanne daar aangekom het. Toe het alles skielik verander. (1)

Skryf die vier gebeure rondom die sensusmanne se TWEE besoeke aan Wolwekraal onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die sensusmanne het gevra of Benjamin kon onthou hoe hy op Wolwekraal gekom het.
- Die sensusmanne het vir Benjamin gesien.
- Die sensusmanne het gesê die magistraat wou vir Benjamin sien.
- Die sensusmanne het die Komoeties se besonderhede in die sensusboek geskryf. (4)

- 7.2 Die magistraat sou Benjamin in elk geval vir die Van Rooyens gegee het, of die bosvrou hom kon uitken of nie.

Sê waarom die stelling WAAR is. (1)

- 7.3 Die sensusmanne se opinie oor Benjamin se vermoë om ver te stap, het van hulle eerste na hulle tweede besoek aan Wolwekraal verander.

(a) Wat was die sensusmanne se opinie tydens hulle eerste besoek aan Wolwekraal? (1)

(b) Sê hoe die sensusmanne se opinie tydens hulle tweede besoek verander het. (1)

- 7.4 "... Benjamin gaan Knysna toe. (SELLING sit sy hand op BENJAMIN se kop.)" (Reël 9–10)

Dink jy die toneelaanwysing pas by die dialoog? Motiveer jou antwoord. (1)

- 7.5 Fiela wou hê dat die magistraat moes sien dat Benjamin 'n goeie lewe by die Komoeties gehad het.

Wat het Fiela gedoen om die magistraat te oortuig dat:

- (a) sy vir Benjamin goed versorg het? (1)
 (b) die Komoeties vir hulleself kon sorg? (1)
 (c) Benjamin goeie maniere gehad het? (1)
- 7.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.6) en die antwoord neer.
- Dit klink asof Fiela in reël 18 en 19 (harteloos/simpatiek) is, terwyl sy eintlik net nie vir Benjamin wou wys dat sy ook bekommerd was nie. (1)
- 7.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.7) en die letter (A–D) neer.
- Uit Fiela se houding in hierdie uittreksel kan ons aflei dat sy 'n ... karakter was.
- A senuweeagtige
 B selfversekerde
 C ongeskikte
 D nederige (1)
- 7.8 Was Fiela reg om vir Benjamin te belowe dat die sensusmanne hom sou terugbring? Motiveer jou antwoord. (1)
- 7.9 Hoe het Fiela in haar gesprek met die magistraat gewys dat sy haarself sou verneder as dit sou help om vir Benjamin terug te kry? (1)
- 7.10 "Die magistraat se woord is wet ..." (Reël 21)
- (a) Waaruit kan ons aflei dat dit wat Fiela hier vir Benjamin gesê het, verskil van wat sy later by die hof in Knysna gesê het? (1)
 (b) Hoe sluit hierdie reël aan by die tema van mense wat aan die mag van ander uitgelewer word? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

FIELA:	... Die dokter het gesê ek moet kyk dat jy iedere dag jou bene laat loop.	1
--------	---	---

HERSIENING

SELLING:	Fiela ... daar kom iemand in die onderste pad aan. Hy't ver geloop, mens kan dit sien.	
FIELA:	Ja, Selling. Kyk maar dat jy aan die loop bly. (SELLING loop af.) Arme Selling. (Roep.) Lig op jou voete, Selling! Kittie, kyk na die kos en ruik die pampoen. (Pouse.) Here? (Pouse.) Here? (Op band.) Here, dis 'n droom; ek gaan val en ek gaan wakker word. Dis nie waar nie. Moenie dat ek 'n ding sien wat nie waar is nie. (SELLING en LUKAS op.) Maar toe staan hy daar. Treë van my af. Benjamin ... En dis nie Benjamin my hanskind nie, ...	5 10
LUKAS:	Groet Ma my nie?	
FIELA:	(op band): Hy't my Má genoem? Loof die Here, o my siel. Here, hou my bene styf sodat ek hierdie hemel regop beleef vandag.	
LUKAS:	Moenie so huil nie, Ma. Ek het gekom.	15

FIELA:	(op band): Soos die tyd verbygegaan het, het ek agtergekome dat daar dinge was waarvoor Benjamin bly wegskram het. Soos die Van Rooyens. Oor die ander mense by die plek waar hy gewoon het, het hy maklik gepraat. Toe dit die dag gebeur, het ek skielik gewens daar was nog uitstel.	20

BENJAMIN:	Die dag toe ek teruggekome het, toe ek daar onder in die pad staan, ...	

7.11 "Die dokter het gesê ek moet kyk dat jy iedere dag jou bene laat loop." (Reël 1–2)

(a) Watter nuus het Selling se gesondheid so laat agteruitgaan dat hy dokter toe moes gaan? (1)

(b) Hoe weet ons dat Selling se gesondheid baie verbeter het nadat Benjamin weer op Wolwekraal aangekom het? (1)

7.12 "En dis nie Benjamin my hanskind nie, ..." (Reël 11)

Gee 'n rede waarom Fiela nie meer vir Benjamin haar hanskind kon, of wou, noem nie. (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.

Lees reël 13 en 16 waar die skuinsgedrukte woorde (op band) verskyn.

Samesteller: SF Smith

Die funksie van die skuinsgedrukte woorde is om ...

- A aan te dui hoe Fiela haar woorde moet sê.
- B aan te dui wat Fiela moet doen terwyl sy praat.
- C dit wat Fiela nie hardop sê nie, met die leser te deel.
- D byklanke aan te dui wat Fiela se woorde ondersteun. (1)

7.14 "Soos die tyd verbygegaan het, het ek agtergekem dat daar dinge was waarvoor Benjamin bly wegskram het." (Reël 16–17)

Noem EEN "ding", behalwe Elias en Barta, wat op daardie stadium vir Benjamin kon pla. (1)

7.15 Lees weer reël 16–17.

- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer 7.15(a) en die antwoord neer.

Fiela kon uit Benjamin se gedrag agterkem dat hy (ongemaklik oor iets was/nie van die Van Rooyens gehou het nie.) (1)

- (b) "Toe dit die dag gebeur, het ek skielik gewens daar was nog uitstel." (Reël 19–20)

Watter emosie lei ons uit hierdie woorde van Fiela af? (1)

7.16 "Die dag toe ek teruggekem het, toe ek daar onder in die pad staan, ..." (Reël 21 en 22)

- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.16.1) en die antwoord neer. (1)

Dit wat Benjamin geweet het toe hy op Wolwekraal in die pad gestaan het, het Barta tydens Lukas se laaste besoek aan die Van Rooyens (ontken/erken). (1)

- (b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.16(a) met TWEE gepaste feite. (2)

7.17 Benjamin was 'n slagoffer ("victim") van sy omstandighede ("circumstances").

Wat was Benjamin se omstandighede EN waarom was hy 'n slagoffer van daardie omstandighede? (2)

7.18 In hierdie drama is dit veral vroue wat 'n groot invloed op Benjamin/Lukas se lewe gehad het.

Kies die karakter uit KOLOM B om by die beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommers (7.18.1 tot 7.18.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
(a) Hierdie karakter het dit vir Benjamin belangrik gemaak om te weet dat hy nie 'n Van Rooyen was nie.	A Fielia B Kittie
(b) Hierdie karakter was verantwoordelik vir sewe ongelukkige jare in Benjamin/Lukas se lewe.	C Nina D Mrs Weatherbury
(c) Hierdie karakter het vir Benjamin/Lukas laat voel dat sy geliefde veilig was.	E Barta
(d) Hierdie karakter het geglo daar was net een persoon wat sou weet of Benjamin 'n Van Rooyen was.	

(4)

7.19 Dink aan die hele drama.

Waarom sou Die Seun Wat Weg Was nie 'n goeie titel vir hierdie drama wees nie? Motiveer jou antwoord met TWEE feite.

(2)

Oefening 4

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BARTA kom soos 'n gedaante deur die mis aan.	1
BARTA: Elias?	
ELIAS: Wat is dit nou weer, vrou? Kan julle nie sien ek is besig nie?	
BARTA: Was die kind nie hier by jou nie?	
ELIAS: Ek het jou mos gesê hy was nie hier nie.	5

(... MAGISTRAAT roep KONSTABEL. Gee hom opdrag. KONSTABEL laat mense van die verhoog gaan.) Seun ... begryp jy wat so pas hier gebeur het?	

MAGISTRAAT (kom staan reg voor hom): Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe.	

ELIAS: ... Wat is alles in die trommel? LUKAS: My goed.	10

ELIAS sit die trommel op 'n boomstomp neer en hy en BARTA gaan sit.	

LUKAS: Ek was nie met 'n skip weg nie, Ma, ek was Lange Kloof toe. (Sien hoe die skrik in haar hande kom.)	
BARTA: Lange Kloof? Wag, ek ...	
LUKAS: Daar is iets wat ek van Ma wil weet. Nee, Ma, jy gaan nie wegkom nie.	15
BARTA: Ek dink ek het jou pa hoor roep, Lukas. Los my arm, Lukas, wat is dit nou met jou?	
LUKAS: Pa kan wag. Ek het lank tot hier toe gewag en Ma gaan my in die oë kyk en Ma gaan vir my sê of ek jou kind is of nie.	

LUKAS (op band): ... Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor.	20

- 7.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.1) neer.
- "BARTA kom soos 'n gedaante deur die mis aan." (Reël 1)
- Die funksie van die mis in hierdie toneel is om ...
- A die gehoor by die gebeure te betrek.
 B die karakters te help identifiseer.
 C 'n somber ("gloomy") atmosfeer te skep.
 D agtergrondinligting te gee. (1)
- 7.2 Wie was die magistraat wat besluit het dat Benjamin die Van Rooyens se seun was? (1)
- 7.3 Fiela het vir Benjamin voorberei op moontlike vrae wat hulle vir hom in die hof kon vra. Noem DRIE van hierdie vrae. (3)
- 7.4 Lukas is saam met Elias en Barta van Rooyen huis toe.
- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Barta was van die begin af (besorgd oor/ongeduldig met) Lukas. (1)
- (b) Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)
- 7.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- As Lukas se lewe by die Van Rooyens met Benjamin se lewe saam met Fiela-hulle vergelyk word, sien jy dadelik dat dit (dieselfde/ anders) is. (1)
- 7.6 "BARTA: Lange Kloof? Wag, ek ... " (Reël 15)
- Wat kan ons uit hierdie skokreaksie van Barta aflei? (1)

- 7.7 Gee TWEE redes waarom dit vir Lukas goed sou wees as Barta vir hom die waarheid omtrent sy identiteit vertel het. (2)
- 7.8 "Een man se wil. Een man se mag." (Reël 21)
- Watter les oor mag kan ons uit hierdie situasie leer? (1)
- 7.9 "Ek kan hom met my kaal hande vermoor." (Reël 21 en 22)
- Waarom kan 'n mens Lukas nie blameer as hy hier so kwaad is nie? (1)
- 7.10 Die feit dat Barta van Rooyen haar in die hof laat manipuleer het, het Lukas se hele lewe verander.
- Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers 7.10(a) tot 7.10(d) neer.
- Barta was haar hele lewe deur gewoonnd daaraan dat haar man, 7.10(a) ..., vir haar voorgeskryf het wat om te doen. Daarom het sy haar die dag in die hof ook maklik deur die sensusman laat voorsê om die seuntjie met die 7.10(b) ... hempie te kies. Die direkte gevolg hiervan was dat 7.10(c) ... toe Lukas geword het. Die seun wat op 7.10(d) ... grootgeword het, moes skielik saam met wildvreemde mense in die Bos gaan woon. (4)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

SELLING: Maar Fiela ...	1
FIELA: Stil. Skryf vir hom Ma sê dit lê donker in Ma se gemoed oor hom. Ons het nie van hom gehoor nie. As dit goed gaan en hy's gesond, is alles reg, maar as dinge vir hom verkeerd loop staan bodder het, moet hy skryf wat meer as bid ons vir hom kan doen. Sê vir hom Ma sê ...	5
KITTIE: Stadig, Ma.	
FIELA: Skryf vir hom Ma sê: Om te gaan lê is een ding en om weer op te kom 'n ander. Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ...	

FIELA: Laat jou pa nou eers sê.	

FIELA: End nou af en sê Ma sê groete ...	10

LUKAS: ... En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam. Daarby sal ek net kan uithelp tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, dan gaan ek terug Lange Kloof toe. Na my mense toe.	
BENN: Jy is beter. Jy bly nog 'n raaisel, maar jy's die man wat ek in jou gesoek het – Komoetie, het jy gesê?	15
LUKAS: Ja.	
BENN: Dis 'n eerbare naam, 'n ou Hottentotnaam.	

LUKAS: Dis reg. BENN: Loop sê vir Joop Stoep jy's terug.
 LUKAS: Joop Stoep sal vandag ook nog vir my moet instaan, mister Benn. Ek moet na miss Weatherbury se huis toe gaan.

20

- 7.11 "Skryf vir hom ... " (Reëls 1 tot 8)
- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat die inhoud van die brief bedoel was om vir Benjamin (goed/hartseer) te laat voel. (1)
- (b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.11(a) met EEN feit. (1)
- 7.12 "Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ..." (Reël 8 en 9)
- Fiela het hierdie raad wat sy vir Benjamin gegee het, ook in haar eie lewe toegepas.
- Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)
- 7.13 Noem TWEE dinge wat Selling vir Benjamin in die brief wou sê. (2)
- 7.14 Vir wie het Fiela groete gestuur? (1)
- 7.15 Lees reëls 1 tot 11.
- Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.
- Die feit dat Fiela die heelyd vir Kittie instruksies gee, beklemtoon dat Fiela ...
- A vir Benjamin wil oortuig om huis toe te kom.
 B ernstig is om haar standpunt oor te dra.
 C vir Benjamin nog as 'n kind beskou.
 D wil keer dat die brief te dik is. (1)
- 7.16 Waarom kan jy saamstem met die raad wat Fiela vir Benjamin in reëls 7 tot 9 gegee het? (1)
- 7.17 "Ek moet na miss Weatherbury se huis toe gaan." (Reël 21 en 22)
- Wat kan 'n mens hieruit aflei? (1)
- 7.18 In hierdie drama lees ons van Benjamin/Lukas se soeke na sy identiteit.

Kies die strukturelement in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.18.1 tot 7.18.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Lukas kies om Fiela Komoetie se kind te wees.	A	hoogtepunt
(b)	Benjamin wonder die hele tyd wie hy regtig is.	B	eksposisie
		C	ontknoping
		D	motorise moment
(c)	Barta vertel die waarheid oor Lukas.		
(d)	Die sensusmanne sien vir Benjamin by die Komoeties.	E	verwikkeling

(4)

7.19 Omdat Benjamin 'n wit kind was, het die sensusman gedink Benjamin sou beter af wees by die Van Rooyens.

Waarom is dit ironies?

(1)

7.20 "... dan gaan ek terug Lange Kloof toe." (Reël 14)

Wat voorspel jy gaan met Benjamin gebeur as hy terugkeer Lange Kloof toe? Hou die hele drama in gedagte.

(1)

7.21 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lukas as jong man weer sy naam verander na die naam wat hy as kind gehad het?

(1)

Oefening 5

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

NINA: Kan jy 'n geheim hou?	1
LUKAS: Watse geheim?	
NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.	
LUKAS: Ek gaan nêrens heen nie.	
***	5
NINA: Jy moet ophou neuk. As Pa kwaad word en die osriem vat, gaat hy vir jou slat dat jy jou natmaak.	
LUKAS: Ek het vyf sjielings.	
NINA (agterdogtig): Wat jy waar kry?	
LUKAS: As jy my wys hoe om uit die Bos te kom, sal ek jou sê waar dit is.	

Samesteller: SF Smith

HERSIENING

ELIAS: Ek sal vir haar vasmaak soos jy 'n wegloop-os vasmaak. Ek sê vir jou daar is fout met haar. Ligte doof uit. Musiek. Ligte op.	10
ELIAS: Nina! Lukas!	
BARTA: (kom uit huis): Elias ...	
ELIAS: Moenie kom neul nie, vrou!	
BARTA: ... maar moenie vir Lukas slaan nie. ***	15
ELIAS: ... (ELIAS spring op en gryp na NINA.) Jou klein blikskottel, gedink julle kan byl neergooi en wegraak, nè? Gedink my oë is toe! Gedink ek slaap! Maar hiervoor sal julle bars tot ék sê dis genoeg. Hoor jy my, maaksel? (Trek haar aan die bos hare rond.)	
NINA: Eina, Pa!	20
ELIAS: Vreksel! Julle het gedink julle kan met my mors, nè?	
NINA: Nee, Pa.	
ELIAS: Waar's Lukas?	
NINA: Ek weet nie, Pa. Ek het hom gaan soek, Pa.	
ELIAS: Wat lieg jy daar?	
NINA: Ek het hom gaan soek, Pa. Eina, Pa!	

- 7.1 Watter geheim wou Nina vir Lukas gaan wys kort nadat hy in die Bos aangekom het? (1)
- 7.2 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Nina die persoon was op wie Lukas kon staatmaak. (2)
- 7.3 Gee 'n voorbeeld uit Nina se gedrag as kind om aan te dui dat sy anders as die res van die Van Rooyens was. (2)
- 7.4 Waarom was dit slim van Barta om vir Elias te waarsku om nie vir Lukas te slaan nie? (1)
- 7.5 Nina kon nie seker wees dat haar ma haar teen haar pa sal beskerm nie. Motiveer uit die drama waarom hierdie stelling WAAR is (1)
- 7.6 Waarom het dit jou nie verras ("surprise") dat Nina vir Lukas verraai het nie? (Reël 25) (1)
- 7.7 Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers 7.7(a) tot 7.7(d)) neer.

Elias het nooit vir Nina verstaan nie. As hy vir haar werk gegee het, het sy maklik 7.7(a) ... toe verdwyn waar sy Elias se mishandeling kon vryspring en kon droom. Elias was eendag so kwaad vir Nina dat hy haar hare met 'n stomp 7.7(b) ... afgesny het. Haar pa het verwag dat sy en haar broers die hout moes opsaag sodat hy 7.7(c) ... daarvan kon maak. Van al haar broers, was 7.7(d) ... haar beste maat.

(4)

- 7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

Nina het vir die eerste keer in haar lewe ... gewys toe sy die Bos moes verlaat.

- A vrees
- B woede
- C tevredenheid
- D opgewondenheid

(1)

- 7.9 Toe Nina die laaste keer terug Bos toe is, het sy haar geroeste mondfluitjie en vuil bottels begrawe. Waarvan is dit 'n simbool?

(1)

- 7.10 Grootmense se besluite het Benjamin en Nina se lewens verander.

- (a) Hoe het die magistraat se besluit dat Benjamin by die Van Rooyens moes gaan bly, Benjamin se lewe negatief verander?
- (b) Hoe het Elias se besluit dat Nina op die dorp moes gaan werk, Nina se lewe positief verander?

(1)

(1)

- 7.11 Aan die einde van die drama het Nina se houding teenoor haar ouers en Benjamin se houding teenoor Fiela-hulle verskil.

Sê wat hierdie verskil is en verwys in jou antwoord na Nina EN Benjamin

(2)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

FIELA: Here, baas, jy kan my nie wegjaag nie.

1

MAGISTRAAT: Konstabel!

FIELA (op band): Seil, Fiela, seil. (Gewone spraak.) Asseblief, weledele heer, ek sal loop, ek wou nie kom moeilikheid maak het nie. (Loop agteruit.)

Ek sal loop, baas – ek loop. Sê my dan net waar die kind is, baas. Sê my net wie die mense is by wie hy is.

5

KAPP: Van Rooyen, mister Goldsbury het gesê ek moet uitvind of die seun baie praat oor die mense in die Lange Kloof by wie hy gebly het.

ELIAS: Nie 'n woord nie, mister.

KAPP: Daar was glo moeilikheid met die vrou by wie hy weggeneem is.	
BARTA (onrustig): Wat se moeilikheid?	10
KAPP: Ek weet nie, ek hoor maar die magistraat het haar glo belet om die kind te probeer opsoek.	
BARTA: (skrik haar oorhoeks): Opsoek?	

KAPP: ... Hoe lank skat jy gaan die kinders nog wegbly?	
ELIAS: Moeilik om te sê, mister Kapp. Moeilik. (Lang pouse). Mister kan die magistraat met 'n skoon gemoed loop sê dat dit goed gaan met hom. Ek meen, hy's mos nou darem onder sy eie mense.	15

Deur oop.	
ELIAS: (kom in met LUKAS se goed; kortaf): Hulle het vandag jou goed gebring, Lukas.	20
LUKAS: Wie het dit gebring? Wie het my goed gebring?	
ELIAS: Sy sê haar naam is Fiela Komoetie. ...	
LUKAS (skree): Waar's sy? Waar is my ma?	

- 7.12 Die eerste keer toe Fiela die magistraat gaan soek het, wou sy weet waar Benjamin was.
- Wat het Fiela die tweede keer by die magistraat op Knysna gaan maak? (1)
- 7.13 Lees reël 3 en 4.
- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Die manier waarop Fiela hier praat, wys dat sy (kwaad/ desperaat) was. (1)
- (b) Waarom sou Fiela só, soos in VRAAG 7.13(a), gevoel het? (1)
- 7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.
- Die toneelaanwysings in reëls 11 en 14 beklemtoon dat Barta ...
- A senuweeagtig oor Kapp se woorde was.
 B kwaad was omdat Elias vir Kapp gelieg het.
 C geweet het dat die magistraat vir Kapp gestuur het.
 D ongelukkig was omdat Kapp geweet het dat Elias vir Lukas slaan. (1)
- 7.15 Die magistraat het glad nie daarin belanggestel om te weet wat van Lukas geword het nadat hy hom aan die Van Rooyens gegee het nie.

- Haal 'n sin uit reëls 1 tot 10 aan om aan te dui dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 7.16 Ons het vir Fiela leer ken as iemand wat respek verdien.
- (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Elias het vir Fiela (hoflik/onbeskof) behandel toe sy Lukas se goed vir hom gebring het. (1)
- (b) Noem TWEE dinge wat Elias vir Lukas oor Fiela gesê het wat aandui hoe hy haar behandel het. (2)
- 7.17 Lukas moes 'n heel nuwe gesin (ma, pa, broers en suster) in die Bos leer ken.
- Noem DRIE redes waarom dit nie vir Lukas so lekker by die Van Rooyens soos op Wolwekraal was nie. (3)
- 7.18 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Fiela geglo het dat Lukas nie weer huis toe kom nie. (2)
- 7.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Aan die einde van die drama het Barta die (regte/verkeerde) besluit geneem deur te sê wat daardie dag in die hof gebeur het. (1)
- 7.20 Waarom kan ons sê dat Benjamin uiteindelik vir Fiela en Selling meer vreugde gebring het as Tollie, hulle biologiese seun? Motiveer jou antwoord met TWEE feite wat NET op Benjamin konsentreer. (2)
- 7.21 Watter les sal jy altyd uit:
- (a) Fiela se optrede onthou (1)
- (b) Benjamin se lewe onthou (1)

Bronnelys

1. Department van Basiese Onderwys. *Afrikaans Eerste Addisionele Taal NSS- en SS-Eksamenvraestelle, 2017-2019*